Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

NOTULE VIR DIE 1ste ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE

VREDENDAL WYNKELDER, OM 14h00 OP DINSDAG, 1 OKTOBER 2013

1. **Opening en Verwelkoming**
   - Len Knoetze heet almal teenwoordig welkom en bedank die lede en Direksie vir die goeie opkoms vir die 1ste Algemene Jaarvergadering van die nuut gestigde Namaqua Weskus Toerisme.

2. **Teenwoordig en Verskonings**
   - Teenwoordigheidslys is aangeheg.
   - Verskonings ontvang deur: Jakes Botha
     Ruben Saul
     Bennie vd Vyfer
     Johan Smith
     Suzanne du Plessis
     Tania Fouche
     Jorika Smit
     Willie en Desiree Brand

3. **Aanvulling en Aanvaarding van Agenda**
   - Agenda word aanvaar met die aanvulling van Lidmaatskapfooie vir 2013-2014 onder Algemeen.

4. **Ouditeursverslag**
   - Die ouditeursverslag word voorgehou deur Hendrik Vos.
   - Hendrik noem dat finansies goed bestuur was veral met die oorgang van die maatskappy en die feit dat daar van 2 bank rekeninge gebruik gemaak was.
   - Geen ongeruimthede het plaasgevind nie.
   - Die nuwe maatskappy was eers vanaf September amptelik geregistreer en dus het Namaqua Weskus Toerisme as Matzikama Toerisme handel gedryf tot daardie tyd.

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

- Registrasie vir BTW is huidiglik besig om plaas te vind en dus is alle fakture nog sonder BTW uitgestuur.

5. Aanstelling van Ouditeure vir 2013/2014

- Len Knoetze stel die lede en Direksie in kennis dat daar op die vergadering 'n besluit bekragtig moet word oor Ouditeure wat aangestel moet word vir volgende jaar.

BESLUIT

- Die vergadering besluit eenparing dat Claasen & Stone Rekenmeesters weer gebruik moet word.

6. Bestuurdersverslag 2012/2013

- Monika stel die personeel van Namaqua Weskus bekend aan die lede.
- Sy noem dat die kantore beide 'n bemarkings/ontwikkelings funksie en 'n inligtingsfunksie het. Ons kan nie waarborg dat die 2 kantore ten alle tye oop sal wees nie, omdat begroting nie altyd aflospersoneel regverdig nie, wanneer personeel op ledebesoeke/opleiding of vergaderings is. Ons probeer die kantore oophou, maar veral buite die piektye sal die kantore soms toe wees.
- Ons kry 'n telefoonlyn teen 'n gesubsidieerde koste van die Munisipaliteit. Ongelukkig is die lyn van tyd tot tyd buite werking. Indien lede / toeriste dringend met ons moet kontak maak is daar altyd ons 24uur nr wat duidelik aangedui is op ons borde/ webblad en brosjures. Asb maak gebruik daarvan – veral oor naweke is die nr handig : 082 608 7554
- Sy stel die lede in kennis van die werksaamhede van die vorige en huidige jaar:
  1. Die ontwerp van die nuwe logo en slogan asook die nuwe website wat geskep is.
  2. Sy stel ook die lede in kennis van die ontwikkeling van die nuwe briefhoof, besigheidskaartjies en die korporatiewe identiteit van die nuwe maatskappy.
  3. Sy noem ook aan die lede van die skep van Facebook en Twitter profiele vir Namaqua Weskus en dit word weekliks opdateer.
  4. Die ontwerp van 'n nuwe kaart vir streek met GPS coordinate was ook gedoen.
  5. Plattergidsproe is vir die Streek gekoordineer met baie positiewe uitslae vir streek (eerste 5 ster toekenning in ons geskiedenis)

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

6. Wynproe saam met Neil Pendock en Portugese Joernalis
7. Namaquafees se Pars en Proetent met blootstelling op Fiesta vir deelnemende kelders.
8. ABSA Pinotage toer met Media te Doringbaai. Blootstelling in Landbou Weekblad en Farmer's Weekly en ook op hulle You Tube adresse, onderhoud oor nuwe Maatskappy.
9. SALGA konferensie in Sandton (Munisipaliteit se verpligting teenoor Toerisme was tema)
10. Sosiale Media opleiding vir Beamptes met fokus op Twitter en Facebook.
11. Monika lig ook die lede in van die maatskappy se Media launch wat te Kaapstad gehou was, waar 20 joernaliste genooi was,Min Alan Winde en Nils Flaaten van Wesgro was ook van die gaste by die geleentheid.
12. Na die launch is daar uitstekende publisiteit vir die streek ontvang naamlik:
    - RSG
    - Vrouekeur
    - Die Burger
    - Wynbylaag – Die Burger
    - Buiteburger
    - Sunday Times – Pendock uncorked
    - Grape.co.za
    - Letterbox
    - Planeetwyn
    - Wineland
13. Ligbokse is vervang met die nuwe logo by albei kantore en 24 uur lyn nommer is ook aangebring.
14. Baniere is ook laat maak met die nuwe logo en naam.
15. Buiteburger promosie 6 weke voor Blommetyd
16. Mobisite (webblad vir selfone) is ontwikkel
17. Radio Namakwaland – Toerisme beamptes praat op 'n weeklikse basis op die radio oor gebeurtenisse in die streek.
18. Cedarfees met promosie op Fiesta
19. Tenkmonsterproe te Vredendal.

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

7. Bemarkingsprogram en Ontwikkelingsprojekte 2013/2014

7.1 Bemarking:

- **Julie 2013**
- Besoek vanaf Johann Crafford : Rapport en Planeetwyn
- Plattergids proe
- Aanbieding van SA Host (kosteloos vir lede)
- Die Burger Blombylaag

- **Augustus 2013**
- Blomlyn opleiding en implementering
- Baie besige en positiewe blommetyd
- Artikel in Rapport se tydskrif
- Namaqua Weskus Jongwynskou
- Besoek vanaf Derrich Gardner (RSG en Lig tydskif)
- Vredendal Hoërskool 75 jaar viering

- **September 2013**
- Voëlkykkursus met Dr Anton Odendaal 50% subsidie vir lede
- Vredendal Landbou Expo met plaaswerkersdag

- **Oktober 2013**
- Beplande besoek met Clifford en Maryke Roberts
- Nuwe goue Toerismeborde
- Aanbieding van Weskus Toerisme Toekenningsaand
- Namaquafees – feesboekie en Pars&Proe tent
- Namaqua MTB wedloop
- Ontwerp van nuwe kaart
- Publisiteit in Naweekburger

- **November 2013**
- Mediafunksie te Kaapstad by City Bowl Market met bekendstelling van nuwe wyne uit streek.

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

- Promosie met Buiteburger wat in Desember inloop. (moontlike kreefpakette en soortgelyke aktiwiteite)
- Assesering vir Minimum Standaarde

- **Desember 2013**
- Promosie met Buiteburger
- Bergfiets / staproete in samewerking met Fryer's Cove en Namaqua Atletiekklub

- **Januarie 2014**
- Herdruk van brosjure
- Indien begroting dit toelaat vertaling van webblad in Afrikaans en ook Afrikaanse brosjure.

- **Februarie / Maart 2014**
- Promosie met Engelse koerante en Buiteburger om Naweek wegbreke te bemark.
- Joernaliste besoeke in Maart.

- **Maart 2014**
- Beeld skou in Johannesburg (Megan)

- **April 2014**
- Namaqua Safari Rally (Sien dokument aangeheg getiteld ASMC Sponsor Dossier)

- **Mei 2014**
- Cedarbergfees

- **Junie 2014**
- Namibie Toerisme Skou (Anita)
- Tenkmonsterproe

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

7.2 Ontwikkelingsprogram

D.m.v. die Munisipaliteit se PACA proses is die volgende projekte aanvaar:

1. Vanrhynsdorp Museum
2. Vanrhynsdorp Ou Tronk
3. Bossiesee (Tronox is betrokke as moontlike borg)
4. Papendorp en Olifantsriviermond inligtingsborde en aanwysings
5. Besoekerssentrum te Perlemoenplaas : Doringbaai

8. Mandaat van Namaqua Weskus en verhouding met Munisipaliteit en Provinsiale Regering

- **Verhouding met Munisipaliteit**

1. Ons is ‘n privaat maatskappy wat gedeeltelik befonds word deur die Munisipaliteit.
2. Ons het geen beheer oor dienste wat deur die Munisipaliteit gelewer moet word nie, maar sal waar dit toerisme bevorder / benadeel versoeke aan die Munisipaliteit kan rig.
3. Ons kan nie paaie regmaak nie, straatligte herstel of badgeriewe skoonmaak nie.
4. Ons kan bloot vra vir ondersteuning en hulp en die regte departemente atent maak op ons lede se behoeftes.
5. Ons het ‘n Diensleweringsooreenkoms met die Munisipaliteit : ons moet sekere funksies van die Munisipaliteit uitdra in ruil vir ‘n finansiele bydrae.

- **Verhouding met STO**

1. Ons is deel van die groter Weskus Toerisme streek wat dan weer resorteer onder Wesgro – Weskaap Regering se Toerisme Maatskappy.
2. Monika de Jager dien as Voorsitter van Bemarking vir die Weskus streek en sit ook op die Dagbestuur van Weskus Toerisme.

- **Verhouding met RTLC**

1. Monika de Jager dien op die RTLC – hierdie kommitee is verantwoordelik vir die aansoeke vir Bruin Toerisme padborde.

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

2. Huidiglik is daar ‘n oorgrote gedeelte van ons streek wat onwettige borde het. Meeste lede het aansoek gedoen vir die Padborde, maar toe nie gewag vir die wettige, korrekte planne vir hulle borde nie. Daar is met baie kreatiwiteit ‘n groot verskeidenheid borde gemaak en opgesit.
3. Ongelukkig is hulle net so onwettig soos ‘n bord wat dan glad nie voor aansoek gedoen is nie.
4. Die Munisipaliteit het vir ons kantoor ingelig dat drastiese stappe geneem gaan word om die situasie reg te stel. Die oomblik wat ‘n lid ‘n padbord op die padreserwe oprig, word die borg die Padowerheid is eiendom.
5. Monika de Jager het ‘n studie van die Klawer / Trawal lede gedoen omdat Klawer baie klagtes gehad het rondom die aangeleentheid.
6. Huidiglik is Klawer Wynkelders, Highlanders en Trawal B&B die enigste drie borde wat heeltemal wettig en korrek is. Die kantoor gaan poog om so gou as moontlik lede te help met regstellings, voordat die borde deur die Padowerheid verwyder word.
7. Onthou asb : ‘n PADBORD SE DOEL IS UITSLUITLIK RIGTINGAANWYSING. DIT IS NIE ‘n ADVERTENSIEBORD NIE!!!
8. Wetgewing wat hierdie reguleer bestaan al meer as 50 jaar. Veranderings daaraan moet deur Nasionale Regering gedoen word en of ons nou saamstem met die Wet of nie, moet ons tot tyd en wyl dit bestaan, ook dit toepas.
9. Kontak gerus vir Monika de Jager in die verband.
10. Die kantoor sal poog om ‘n opname van alle borde in alle dorpe te doen, en u te help met regstellings waar nodig.

9. Algemeen

9.1 Lidmaatskapfooie 2013/2014

Herbert Howe stel voor dat die Lidmaatskapsfooie vir Toerismelede in 2014/2015 met 10% gelig word omdat Namaqua Weskus Toerisme se ledegeld baie laer is as omliggende streke s’n.

BESLUIT:

Die besluit word eenparig deur die lede teenwoordig aanvaar en dus bekragtig.

Posbus / P.O. Box 1000, Vredendal, 8160
Tel: +27 (0)27 201 3376
Faks / Fax: +27 (0)27 213 4819
info@namaquawestcoast.com
www.namaquawestcoast.com

10. Afsluiting

Len Knoetze bedank die personeel vir hulle werk en nooi die lede vir verversings na die vergadering.